Biblioteek

55/88

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

GRIFFIER, HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(APPèLAFDELING)
BIBLIOTEEK
1988 -05- 23
LIBRARY
REGISTRAR, SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

APPèLAFDELING

In die saak tussen

ADRIAAN CLEOPHAS ...........Appellant

en

DIE STAAT ..................Respondent

CORAM : HEFER, STEYN,ARR et VILJOEN Wrn AR.

AANGEHOOR :16 MEI 1988.

GELEWER : 21 MEI 198X.

---

U I T S P R A A K

HEFER AR :

Die appellant is in 'n streekhof skuldig bevind aan openbare geweld en gevonnis tot vyf jaar gevangenisstraf waarvan die helfte voorwaardelik opgeskort is. Sy

appèl is slegs teen die vonnis gemik.

Volgens die aanvaarde getuienis het 'n aantal polisiemanne die dag waarop die misdaad gepleeg is, patrolliewerk met 'n polisiemotor gedoen in die Belville-suid gebied. Hulle het op 'n skare jeugdiges afgekom wat klippe in hulle hande gehad het. Die appellant was een van hulle en klaarblyklik een van hulle leiers. Hy het 'n klip na die voertuig gegooi waarop ander jeugdiges sy voorbeeld gevolg het. Slegs die klip wat deur appellant gegooi is, het die motor getref en geringe skade aan die enjinkap aangerig. Twee van die polisiemanne het uitgespring en twee traanrookgranate na die skare gegooi. Dit was genoeg om die oproeriges op die vlug te laat slaan. Die appellant is kort daarna weer in die omgewing opgemerk en gearresteer.......3

arresteer.

Appellant was tydens die voorval 'n 20 jarige student in sy eerste jaar aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Tydens die verhoor het sy vader egter gesterf met die gevolg dat hy verplig was om sy studies te staak en werk te gaan soek ten einde sy moeder en familie te onderhou. Hy was 'n eerste oortreder.

In hierdie hof is namens appellant aangevoer dat die verhoorlanddros verskeie mistastings begaan het in sy uitspraak op vonnis. Ek is nie van voorneme om die betoog volledig te bespreek nie aangesien, soos ek aanstons sal aantoon, die opgelegde vonnis in elk geval nie in stand gehou kan word nie.

Die verhoorlanddros het die vraag na 'n gepaste

vonnis aan die hand van vier faktore benader. Die eerste was die feit dat die appellant 'n jeugdige eerste oortreder was, die tweede dat hy aangebied het om die skade wat hy aangerig het te vergoed; die derde was die erns van die misdaad en die vierde die belange van die gemeenskap. Wat die eerste betref het die landdros opgemerk :

> "In u geval gaan die hof die klem baie sterk laat val op die feit dat u jonk is en dat u gelukkig genoeg tot op hierdie stadium nog 'n skoon blaadjie in die lewe gehad het."

Wat die tweede faktor betref, het hy opgemerk :

> "'n Ander baie belangrike faktor wat mnr Marlow aansny is Hiemstra se houding (en die Hof verstout hom om te sê ook die van die Howe) dat die aanbod om vergoeding as strafversagtend gehanteer behoort te word. So 'n aanbod gaan dikwels ook hand aan hand met 'n gevoel van skuld, 'n gevoel van jammerte en spyt oor wat gedoen is."

Ten opsigte van die erns van die misdaad is die volgende genotuleer:

> "Die Hof kom tot die gevolgtrekking dat,waar ernstig 'n relatiewe term is, die misdaad wat u gepleeg het, potensieël ernstig was. Die Hof het begrip vir mnr Marlow se stelling dat wanneer 'n mens kyk na die leer van ernstige misdade en voorvalle en insidente, hierdie nie 'n besondere ernstige een was nie. Die Hof gaan die klem met betrekking tot die erns van die misdaad op hierdie gevolgtrekking laat val."

Waarom die misdaad as "potensieël ernstig" beskou is, blyk uit die volgende passasie:

> "Die stelling is gemaak dat lewens nie juis in gevaar was nie. Die Hof vind dit moeilik om die Hof se denke met hierdie stelling te vereenselwig. Wanneer enkele persone in 'n voertuig in 'n straat is waar 'n groep van tussen twintig en veertig persone is en daardie groep optree soos ander mense normaalweg ten opsigte van 'n giftige slang optree, word 'n potensiële plofbare situasie geskep. Om

sonder meer tot die gevolgtrekking te geraak dat daar nie lewensgevaar is nie, is om kort te val met betrekking tot die werklikhede van die situasie. Die Hof gaan hom nie blindstaar teen die potensiële gevaar waarin die polisie-beamptes was nie. Vanweë hulle optrede, onder andere, het dit gelukkig sover dit menselewens en gesondheid aanbetref, potensieël gebly.

Dit is dan ook uitsluitlik (as die Hof die getuienis reg verstaan) vanweë die polisie-optrede alleen dat die voorval beëindig is sonder dat dit in 'n treurspel ontaard het. Na die oordeel van die Hof sal die Hof verkeerd wees as die Hof hierdie voorval heeltemal in isolasie beskou. Die Hof behoort na die oordeel daarvan, dit teen die agtergrond te sien van heersende landsomstandighede.

Dit is nou eenmaal so dat 'n vuurhoutjie wat getrek word, opsigself seker nie gevaarlik is nie, maar wanneer dit by 'n kruitvat gebring word, verander die omstandighede dramaties."

Wat die belange van die gemeenskap betref, is opgemerk:

"In die finale fase van vonnisoorweging

> bly die Hof steeds gedagtig daaraan dat dit tradisioneel die houding van die Howe is om gemeenskapsbelange nie so skerp in fokus te draai nie en dat die belange van die beskuldigde baie sterk op die voorgrond moet tree. Die Hof trag om presies dit te doen."

Met geeneen van hierdie opmerkings is enigsins fout te vind nie. Word die verhoorlanddros se slotopmerkings daaraan toegevoeg, word die leemte in die uitspraak egter geopenbaar. Dit lui soos volg:

> "Die Hof het baie ernstig nagedink oor die gevolge wat effektiewe gevangenisstraf vir u sal hê. Dit is duidelik uit wat u in getuienis aan die Hof voorgehou het dat direkte gevangenisstraf nie net vir u nie, maar ook veral vir u gesin waarvan u nou broodwinner is, sal tref----------.
>
> Nadat die Hof na die oordeel van die Hof niks buite rekening gelaat het nie, meen die Hof dat die volgende 'n gepaste straf is-------
>
> Die vonnis is een van <u>VYF (5) JAAR</u>

> GEVANGENISSTRAF. Na 'n rype beraad skort die Hof daarvan twee en 'n half jaar gevangenisstraf vir vyf jaar op. Die voorwaarde is-- -------------"

Wat dadelik opval is dat geen werklike redes verstrek is vir die besluit om die appellant vir 'n aansienlike tyd na die gevangenis te stuur nie. Vroeër in die uitspraak is te kenne gegee dat dit 'n geval is waarin sterk klem gelê moet word op die beskuldigde se jeugdigheid en op die feit dat hy 'n eerste oortreder is, en waarin sy belange voorrang moet geniet bo dié van die gemeenskap. Dìt was die verhoorhof se eie beskouing net soos wat dit die hof se eie beskouing was dat die aanbod om die aangerigte skade te vergoed (waaraan gevolg gegee is in die opskortingsvoorwaardes) 'n "baie belangrike

faktor" is. En dit was ook die verhoorhof se eie beskouing dat die misdaad slegs "potensieël ernstig" was en geen werklike ernstige gevolge gehad het nie. Waarom nogtans besluit is om die appellant enigsins na die gevangenis te stuur, word nie in die uitspraak vermeld nie. ŉ Vonnis van 2 1/2 jaar effektiewe gevangenisstraf is boonop sekerlik nie ŉ ligte een nie en vra ŉ mens jouself af waarom dit opgelê is nieteenstaande al die (vir die appellant) gunstige bevindings blyk die antwoord nie uit die aangevoerde redes nie. Die hof het nie te kenne gegee dat die erns van die misdaad so ŉ vonnis regverdig nie - trouens, die trant van die uitspraak is dat dit nie as besonder ernstig beskou is nie. Daar is dus geen denkbare rede waarom dit opgelê is nie en die gevolg-

trekking is onvermydelik dat die landdros sy diskresie by vonnisoplegging nie redelik of behoorlik uitgeoefen het nie.

Waar dit derhalwe nou die taak van hierdie hof is om 'n gepaste vonnis op te lê, kan die verhoorhof se beskouing dat die misdaad nie besonder ernstig was nie, nie buite rekening gelaat word nie. Op basis daarvan en van die appellant se persoonlike omstandighede waarop ek dit nie nodig ag om uit te wei nie, meen ek dat hy die keuse van 'n boete gelaat moet word maar dat 'n opgeskorte termyn gevangenisstraf daaraan toegevoeg behoort te word.

Die appèl word gehandhaaf tot die mate dat die opgelegde vonnis tersyde gestel word en vervang word met die volgende:

"Die beskuldigde word gevonnis tot 'n boete van R750 (betaalbaar voor of op 30 Junie 1988) of 1 jaar gevangenisstraf, plus 'n verdere 3 jaar gevangenisstraf wat vir 5 jaar opgeskort word op voorwaarde

1. dat die beskuldigde 'n bedrag van R50 by wyse van vergoeding voor of op 30 Junie 1988 aan die Suid-Afrikaanse Polisie te Belville betaal (indien hy dit nie reeds betaal het nie) en

2. dat hy nie skuldig bevind word aan openbare geweld of enige ander misdaad wat geweld teenoor die persoon of goedere van 'n ander as element het en ten opsigte waarvan hy gevonnis word tot minstens 12 maande gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete nie."

J J F HEFER AR.

STEYN AR

VILJOEN Wrn AR.